# Jesus Se Aanraking



**2023-11-12 AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Skrifgedeelte: Han 17:22-28

Hand 17:22 Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê:
Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. 23 Want
terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook ‘n altaar
gevind waarop geskrywe is: Aan ‘n onbekende God. Hom dan wat julle
vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. 24 Die God wat die
wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde
is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. 25 Ook word Hy nie deur
mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan
almal lewe en asem en alles gee. 26 En Hy het uit een bloed al die nasies
van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf
bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, **27 sodat
hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind,
al is Hy nie ver van elkeen van ons nie**; 28 want in Hom lewe ons,
beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want
ons is ook sy geslag.

2

## Soek mense nog na God?

- Paulus sien al die afgode wat gedien word (Vers 16)
- Sy gees word opstandig binne hom.
- Vir so baie mense is Hy 'n net 'n onbekende God.
- Mense het God nodig, selfs al besef hulle dit nie.
- Is daar vandag nog mense wat na God soek?

Hand 17:23 Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende God.

3

## God is die eienaar van alles

- Alles behoort aan Hom.
- Mense leef soms so asof hulle die reg het; terwyl alles eintlik onder God se mag en beheer is.
- Hy is die werklike Eienaar – ook van die mens.
- Die mens behoort na sy Maker te soek.

Hand 17:24 Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. 25 Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.

4

## Soek die Here en raak Hom aan

- Die skepping behoort na die Here te soek.
- Elkeen behoort te soek na Sy aanraking.
- Almal is uit dieselfde bloed gemaak.
- Daar was ook 'n bloedoffer nodig (Jesus Christus) sodat ons nou toegang het tot die Vader (ons Maker).

Hand 17:26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, 27 sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie

5

## Raak Jesus aan

Mar 5:25 En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het 26 en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, 27 het van Jesus gehoor en onder die skare van agter gekom en sy kleed aangeraak; 28 want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. 29 En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was. 30 En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak? 31 En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring, en U sê: Wie het My aangeraak? 32 Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het. 33 Die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid. 34 En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.



And He said to her, Daughter, your faith (your trust and confidence in Me, springing from faith in God) has restored you to health. Go in (into) peace and be continually healed and freed from your (distressing bodily) disease. (AMP)

6

# Raak Jesus aan

Mat 14:34 En hulle het oorgevaar en in die land Gennésaret gekom. 35 En die manne van daardie plek het Hom herken en in daardie hele omtrek uitgestuur en almal wat ongesteld was, na Hom gebring; **36 en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar die soom van sy kleed mag aanraak; en almal wat dit aangeraak het, het gesond geword.**



7

# Jesus wil jou aanraak

Mat 8:1 En toe Hy van die berg afkom, het groot menigtes Hom gevolg; 2 en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig. 3 Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.

- Ons liggame is tydelik. Tog kan Jesus dit ook genees (as dit Sy wil is).
- Sonde is die melaatsheid van ons siele. Die area wat die ewigheid beinvloed.
  - Dit kan slegs gereinig en genees word deur die bloed van die Lam.
  - Jesus het reeds gesê *"Ek wil"* aan die kruis.
  - Hy genees ons van sonde en reinig ons van ons "melaatsheid".
  - Hy moet jou egter **aanraak** in jou sondige toestand.
  - Ons almal kort gedurig ook 'n nuwe aanraking van Christus. Hy doen dit deur die Heilige Gees.

8

# Lewe, beweeg en bestaan in en deur Jesus Christus

Hand 17:28 want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.

Acts 17:28 For in Him we live and move and have our being: as even some of your (own) poets have said, For we are also His offspring.

9